# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 40

Ver Lê die Môre



braam le roux

**Voordat die persoon in die boom sy geweer op hom kan rig, brand Hermie reeds los. Toe die skoot klap gooi die vreemdeling sy hande in die lug en die volgende oomblik raas die takke soos sy liggaam na benede tuimel.**


**Skaars het Hermie se rewolwerskoot geknal, of 'n koeël sing oor sy eie kop. Hy buk dadelik laag op die perd en swaai die dier om, maar dan sien hy hoe twee man agter hom tussen die bossies platval met rewolwers in hulle hande. Hulle brand dadelik op hom los. Die perd runnik en sak op sy knieë neer, en onmiddelik besef Hermie dat die dier met opset geskiet is. Hy rol uit die saal en skuif agter 'n kwarriebos in. Toe hy egter orent probeer kom, fluit 'n koeël weer rakelings oor sy kop**

**Stofomslag: Chris du Plooy**

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

85 Sent
A.V.B. uitgesluit

No. 40
Ver lê die Môre



braam le roux

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Besoek uit die Verlede | 3 |
| 2. | Die Agtervolger | 17 |
| 3. | Vlamme in die Nag | 31 |
| 4. | Ruiters van die Nag | 45 |
| 5. | Sluipmoordenaars | 60 |
| 6. | Dood by die Poort | 73 |
| 7. | Geen Vergiffenis? | 85 |


## Hoofstuk 1

## BESOEK UIT DIE VERLEDE

"Wat is Vader vanoggend so geheimsinnig?"

Die jong man staan in die deur van sy vader se kantoor toe hy hierdie vraag met 'n glimlag op sy gesig stel.

"Maak eers soos ek sê, Hermie. Gaan haal vir Reinette en dan wys ek julle iets wat julle oë sal laat rek."

Die jong man skud sy kop en glimlag nog steeds goedig. Net vir 'n oomblik kyk hy na sy vader en dan draai hy om en stap deur die woelige en besige kroegsitkamer. By die lang toonbank staan manne met baarde, manne sonder hoede en manne van wie die hare reeds lank in hulle nekke groei. Sommige van hulle is netjies geklee, maar daar is ander wat daar gehawend uitsien.

Daar is twee manne agter die kroegtoonbank en hulle moet vinnig werk want die manne hier op Soethunker is dors. By die tafeltjies in die kroegsitkamer sit die mense ook bankvas. Daar is netjiese dames, maar ook ouerige vrouens met die spore van swaarkry op hulle gesigte duidelik te lees. Dit is delwersvroue wat een keer in 'n week hier op Soethunker kom inkopies doen, verwaarloosde ou tannies wat elke dag saam met hulle mans ywerig na die blinkes soek.

'n Paar van die manne wat lui-lui en rustend by die kroegtoonbank vertoef, kyk op toe Hermie Swiegers hier by hulle verbystap. Een ou man lig sy glasie en sluk die voggies daarin vinnig weg. Aha, maar so 'n drankie smaak om vyfuur in die middag heerlik, dink hy waarskynlik toe hy sy lippe hard laat klap en agter Hermie aanhardloop. Net toe Hermie by die swaaideur wil uitstap om na Reinette se slaapkamer te gaan, gryp die ou man hom hier aan sy arm. Hermie draai om. 'n Tandelose mond lag hom toe. Die baard van die oubaas lyk vuil, onversorgd en lank. Die kruisbande wat sy bokknie-broek vashou, is al verslete, maar so sien jy oom Peet Lewies elke dag van jou lewe. Hermie is oortuig daarvan dat hy met hierdie einste klere snags gaan slaap om weer in die oggend daarmee op te staan.

"Middag, oom Peet. Jy lyk bedrywig," lag Hermie.

"Altyd besig, Hermie, altyd besig, maar wat ek jou wou sê, Hermie! Hier is twee man wat al van vanmiddag tweeuur af vir jou dophou, aandagtig. Ek het gehoor hulle het na jou verneem."

Hermie lag. Oom Peet is altyd die ou nuusdraer. Hy weet van

alles wat hier in die Kalahari-dorpie aangaan. As hier 'n nuwe delwer intrek, weet hy van hom en weet hy al heelwat van sy private lewe nog voordat Hermie die persoon met 'n oog gesien het. Oom Lewies het meer as drie jaar gelede met sy vrou en kind hierheen gekom. Die wêreld was toe nog woes en die Korannas en Griekwas was duiwels. Sy vrou en kind is vermoor en 'n rukkie later het oom Peet vergeet van die blink klippies en toe besluit om niks anders te doen nie as om net ander se private lewens te probeer nagaan. En hier het oom Peet alreeds baie goeie werk gedoen. Daan Swiegers, Hermie se vader en eienaar van die hotel, baas van Soethunker, noem oom Peet die dorp se private speurder. En vandat oom Peet opgehou het om na die blink klippies te soek, het hy nog elke dag gelewe, en goed gelewe. Hy eet hom elke dag trommeldik en gaan slaap warm. Om eenuur loer hy gewoonlik by die kombuis agter die hotelgebou in en dan staan sy kos reg op die stoof en tant Elsje Kromhout, die hotelkok, skuif 'n stoel vir hom reg en hy eet aan die tafel terwyl hulle klets, en waaroor hulle nie praat nie, is 'n sonde.

"Oom Peet, laat hulle maar nog 'n rukkie dophou .... Ek sal later kom loer wie hulle is."

"Maar ek kan sien hulle gesigte is gemeen. Dit lyk of hulle gekom het om hier op ons Soethunker moeilikheid te kom maak,"

Hermie klop die oubaas op sy skouer.

"Hou hulle in die oog, oom Peet. Ek kom netnou weer daar na jou toe. En sê vir die kroegman ek sê hy moet Oom nog 'n sopie gee."

Oom Peet lag breed sodat sy tandelose mond wyd oophang. Hierdie Hermie Swiegers darem, dink hy met jubeling, hy is net soos sy vader, ou Daan! Hier by die hotel rond ly hy nooit honger of dors nie. Hulle is vir hom te goed. Die lewe is wonderlik, juig dit hier binne die ou man, te wonderlik! Maar Hermie moet oppas. Hierdie twee manne by die toonbank kyk hom nou al weer agterna.

Oom Peet staan nog in die deur. Hy staan dwars sodat hy Hermie in die gang kan sien afstap en die twee daar by die toonbank kan dophou. Hy is vir 'n oomblik bewus van die jong man se swaaiende gestalte, sy breë skouers, sy netjiese drag. En die rewolwer is altyd daar aan sy regterheup. Maar daar is min mense in hierdie geweste wat nie gewapen gaan nie, want die Korannas het daardie gewoonte by die mense laat ontstaan, en ná die Korannas was dit die fortuinduiwels wat jou altyd op jou hoede laat bly het. Hier op Soethunker





het daar egter baie lank laas iets gebeur. Soethunker is 'n ordentlike dorp vandat Daan Swiegers en sy frisgeboude seun Hermie die leisels oorgeneem het.

Oom Peet laat die swaaideur toeklap en hy voel lekker as hy terugstap toonbank toe. Hy het 'n bly hart. Dit is nogal snaaks, dink hy. Dit is selde dat hy nie 'n bly hart het nie. Hy voel nooit, somber, eensaam en alleen nie. Maar miskien is dit die voggies wat hom so laat voel, of miskien is dit ook die warmte in sy hart wanneer hy met mense soos Daan Swiegers, Reinette Jancke en Hermie Swiegers te doen het.

Hy gaan staan weer op sy plek by die toonbank, wuif vir die kroegman, bestel met 'n glimlag en as die kroegman die glasie hier by hom neersit, sê hy hard in die kroegman se oor:

"Tag, Hermie is vir my pragtig gebou .... Nie een wat ek met hom kan vergelyk nie."

Die kroegman lag en gaan voort met sy werk. Selfvoldaan staan oom Peet die wêreld en bekyk. Die voggies maak eers sy maag warm, dan slaan dit op na sy kop.

Hoe lank is dit nou dat die hotel hier is? Drie jaar, ja, drie jaar, en dit is ook drie jaar gelede dat sy vrou en kind dood is. Eers het Daan en Hermie en Reinette gekom en hulle het die boere langs die rivier georganiseer. Hulle het die berge ingetrek en die Korannas en die derduiwels van Griekwas laat les opsê. Die wreedaards het gou noordwaarts gevlug, dieper die woestyn in, en sedertdien kon Soethunker leef. Waar daar eers net 'n negosiewinkel was en 'n hoefsmid, het daar 'n hotel verrys en langs die hotel 'n vellekoper se kantoor en langs die vellekoper nog 'n negosiewinkel, en langs die negosiewinkel 'n poskantoor en langs die poskantoor 'n prokureurskantoor. Dit het woelig begin word op Soethunker. Die mense het hom begin oorstroom. Hier het meer boere na die delwerye gekom en meer delwers het gebly om aan te hou soek na iets wat hulle hoop hulle eendag sal kry. Voordat Daan Swiegers gekom het, het die tente wit langs die Oranjerivier gestaan. Van Kimberley se wêreld het die mense ewe skielik begin vlam vat. Langs die Vaal is blinkes uitgehaal; toe later af na die dorpie Douglas se kant toe; toe al langs die Oranjerivier af na die weste. Almal het na klippies begin soek, langs die riviere saamgebondel. Dit was soos 'n koors wat die mense beetgepak het, 'n koors wat die mense verniel het en 'n koors wat in boosaardigheid toegeneem het maar nog lank nie wil bedaar

nie. Hier langs die riviere was daar honger, doodslag, foltering, ellende. Uit die omliggende berge het die Griekwas op die delwers toegesak, doodgesteek, verniel en gesinne kermend agtergelaat. Toe kom die forste Daan Swiegers en Hermie en toe kom daar rus en vooruitgang, maar nou nog is daar ellende langs die rivier waar die mense met hulle neuse soos molle in die grond ploeter. Daan het hulle al probeer oorhaal om weer te begin boer, maar hulle vra net: "Waarmee?"

Oom Peet wonder waar die naam Soethunker vandaan kom. Miskien was dit omdat die mense altyd vol soete drome was, aangenaam verlang het, gehunker het na die dag wanneer die wit klippe pens bo in die sonlig sal lê en skitter. Ja, die mense langs die rivier leef dag na dag van hoop, hunkering na iets - iets wat dalk nooit daar is nie.

Daan Swiegers en sy seun kom van die Duiste grens af en hulle is ryk. Hulle het die hotel laat bou, 'n groot steengebou, en agter is daar rye-rye kamers waar mense wat hier deur reis, en daar is baie, warm kan slaap. Hierdie is die voorpos van die beskawing. Hier bly die temmers van die woestyn, manne wat die wildernis wil mak maak, maar manne wat soms deur die wildernis vervorm word tot roekelose vrybuiters, smokkelaars, koorsige fortuinsoekers en moordenaars. Daar buite op die vlakte sterf hierdie temmers soms wanneer hulle in die ongenadige kloue van die woestyn val. Dan bly hulle beendere bleek op die vlaktes agter.

Geen wonder dat die mense van Soethunker Daan as hulle koning beskou nie en na hom opsien vir leiding en hulp. Maar daar is darem tog diegene wat af en toe die rus van Soethunker kom steur, en daar is 'n paar honger wolwe wat Daan nie sy aansien gun nie.

Iemand pomp oom Peet in die ribbes. Hy kyk op en weg vlug sy drome. Hier voor hom staan die twee vreemdes. Die een se baard is bra lank. Die ander een is skoon geskeer. Hulle lyk nog jonk. Twee paar bruin oë kyk diep in oom Peet s'n.

"Middag, Oubaas," groet die lange.

Voordat oom Peet groet, kyk hy hom op en af. Daar hang 'n rewolwer aan sy regterheup. Ook die ander man is gewapen.

"Ja,?" vra oom Peet skerp.

"'n Drankie saam met ons, Oubaas?" vra die een met die stoppelbaard.

"Nee wat .... nee wat, dankie .... As ek wil, kan ek die hele kroeg





leegdrink. Dankie vir jou drankie."

Die langer man glimlag.

"Daardie man met wie Oom gepraat het - is dit ... is dit miskien Hermie Swiegers?"

"Dit is hy, ja .... en wat wil julle van hom hê?"

Die man met die stoppelbaard kyk af na sy maat se skoongeskeerde gelaat. Hy knik.

"Het hy nie verander nie, Jac! Het hy nie verander nie! Hy het 'n groot man geword," hoor oom Peet hom prewel.

"Die vier jaar het ons ook groot gemaak, Poena," antwoord sy maat.

Die twee man verlaat oom Peet se geselskap. Hulle stap na 'n tafeltjie naby die toonbank en gaan sit daar met 'n bottel tussen hulle twee en 'n vrag toebroodjies voor hulle, waaraan hulle naarstiglik begin kou.

Oom Peet skud sy kop. Hy vertrou die vrede nie. Die stemme van baie mense brom hier om hom heen. Dit maak hom byna vakerig. Uit die hoek van sy oog hou hy die twee vreemdes dop. Hulle drink baie en hulle praat hulle praat aanhoudend. Hulle lyk amper kwaad.

"So," sê die groter een aan die ander een, maar oom Peet kan hulle nie hoor nie, "mamma se kind het groot geword, breë skouers, dra selfs 'n rewolwer, netjiese rybroek en kamaste, kakiehemp. Mooi seun, mamma se seun. Vier jaar is lank. Hy het sy pa gekry en hy lyk ryk, weet jy, Jac?"

"Hy is ryk, ja, en hy is groot, Poena, maar ek haat hom nog net soos ek hom altyd gehaat het. Vier jaar gelede het hy my amper doodgemaak en vir jou ook, en hy is met die helfte van die geld weg wat oorlede ma nagelaat het. Ek het gesweer dat ek hom sal kry."

"En ná vier jaar het ons hom, Jac, ek en jy. Sal ons hom nou uit ons vingers laat glip?" kekkel Poena en met een teug ledig hy die inhoud van die glas.

"Groot of mooi of ryk .... noudat ons hom opgespoor het, gaan ons met hom afreken!" fluister Jac.

"Ons gaan ..... ons gaan .... as ek net my humeur kan bedwing, maar ek is so lus vir hom dat ek nie kan wag nie."

"Jy moet nie jou humeur verloor nie, Poena. Ons moet die kat eers goed uit die boom kyk. Dalk .... dalk kan ons van sy baie geld 'n bietjie naderhark vir ons. Wie weet?"

"Nie weet weet nie! Ons moet dit doen!"

Oom Peet hou hulle nog steeds dop. Hy voel onrustig. Ná 'n rukkie draai hy weer sy rug op hulle en bestel enetjie met sy eie geld.

By die swaaideure kom iemand in. Oom Peet sien hom 'n oomblik doodstil staan. Dit is ook 'n vreemdeling. Hy is kort gebou, stewig. Met swart oë kyk hy in die vertrek deur. 'n Rewolwer swaai aan sy regterheup. Dit is selde dat mens 'n man se rewolwer aan sy linkerheup sien swaai. Dit beteken dat die man links is. Toe die persoon vorentoe stap, kyk almal op. Oom Peet gaap hom aan. Die man se linkerbeen is korter as sy regterbeen. Hy beweeg stampend oor die vloer, byna waggelend. Hy kom staan hier langs oom Peet met sy stroewe gelaat, sy byna swart oë. Die man se hare is netjies agteroor gekam. Geld klink in sy sak en dan haal hy 'n hele bondel banknote te voorskyn. Die kroegman is by hom.

"Bottel whisky, seblief," praat hy in 'n duidelike, welluidende stem.

Binne enkele oomblikke word dit saam met 'n glas voor hom op die toonbank neergesit. Hy drink soos 'n man wat dors is. Oom Peet gaap hom aan. Daar is sweet op sy voorhoof. Hy het 'n hoë voorhoof en die hare op sy kop is glad agteroor gekam. Oom Peet besluit dat hy nog jonk moet wees - nie ouers as vyf-en-dertig nie.

Opeens klink Reinette se helder gelag bo die gedruis van stemme uit. Sy kom saam met Hermie die sitkamer binne. Sy is geklee in 'n lang perskleurige rok. Haar ligte hare val in lokke oor haar skouers. Hermie is agter haar met sy sterk gesig en regop postuur. Hulle loop hier by oom Peet verby. Oom Peet draai hom om. Die man met die een kort been bly met sy whisky besig, maar die ander mense kyk en ook die twee daar by die tafel, Poena en Jac en hulle knik vir mekaar.

Hermie klop aan die deur van sy vader se kantoor en dan draai hy dit oop en laat Reinette na binne. Hy stap agter haar in, maar maak nie die deur heeltemal toe nie. Deur die oop deur kan oom Peet nou vir Daan Swiegers agter sy lessenaar sien. Hy kan ook sien hoe dat die mooi Reinette, met Hermie langs haar, voor die lessenaar tot stilstand kom. Hy sien hoe Daan Swiegers lag en hy sien hoe dat sy lippe roer soos hy praat, maar hy kan nie hoor wat hy sê nie. Daan Swiegers lyk duidelik in sy skik. Hy beduie met sy hande en demonstreer daar agter sy lessenaar dat oom Peet eintlik





lag kry.

Uit die hoek van sy oog sien oom Peet ook hoe dat die twee vreemdes by die tafeltjie, Poena en Jac, hulle nekke draai om in Daan Swiegers se kantoor in te kyk. Oom Peet raai dat hulle net soveel as hy kan sien. Hier langs hom drink die ander jong man met sy een korter been heerlik aan sy bottel whisky, en hy drink sommer vinnig. Sy derde glas vog is reeds in sy keelgat afgegooi en hy staan nog nie vyf minute nie.

Daan Swiegers buk en haal iets uit sy lessenaar se laai. Dit lyk vir oom Peet na 'n tabaksakkie. Aanhoudend praat Daan Swiegers en hy hou die sakkie na die twee jongmense toe uit. Oom Peet kan nou die fonkeling in Daan se oë sien. Dit spreek van geluk en opgewondenheid. Hy hou die sakkie vir 'n oomblik in die lug en dan keer hy die inhoud van die sakkie in sy groot handpalm uit. Oom Peet sien dadelik iets wat blink. Daan leun vooroor oor die lessenaar en hou sy hand na Hermie toe uit.

Duidelik sien ook Peet die drie groot diamante in sy handpalm. Van hier af fonkel hulle met duisend kleure. Oom Peet sluk swaar. Hy kan sy oë byna nie glo nie. Miskien het hy te veel gedrink. Skielik val die twee agterdogwekkende vreemdelinge hom by. Hy kyk vinnig na hulle toe en dan sien hy dat albei se oë op Daan gerig is. Hulle moet ook daardie diamante in Daan se handpalm sien. Die twee kyk skielik weg toe hulle bemerk dat oom Peet nader tree en hulle stip aanstaar. Meteens is albei geinteresseerd in die bottel op hulle tafel.

Asof hy in 'n droom beweeg, stap oom Peet oor die vloer, en by die kantoordeur strek hy sy hand uit en trek die oop deur agter Hermie en Reinette se rugge toe. Hy vou sy arms en bly 'n oomblik by die deur staan; dan sluk hy en stap terug na sy plek toe. Dit lyk nie of daar ander is wat daardie drie bulle gesien het nie. Dit is net daardie twee by die tafel wat hom nou glimlaggend aanblik. Oom Peet voel 'n bietjie bewerig as hy terugstap. Hier op Soethunker kan mens nie sommer te koop loop met die hoeveelheid diamante wat jy in jou besit het nie. Jy kan dalk beroof word of selfs vermoor word. Drie maande gelede het dit met Bart Oorholster gebeur.

Oom Peet se hande bewe toe hy weer sy plek langs die whisky-drinker inneem. Die nors, stoewe uitdrukking op die man se gesig is nog daar en hy gaan met die whisky-bottel te werk asof hy geen

ander mens in hierdie vertrek raaksien nie. Peet kyk na die opvallende donker oë van die man, oë wat weet waar hulle wil kyk, en nou reg teenoor hom na die rye-rye bottels in die rakke staar. Dit is smeulende oë, dink oom Peet, of is dit oë wat alreeds effens dof is van dronkenskap?

Waar op aarde kry Daan daardie diamante? Die bulle moet seker duisende ponde werd wees, dink oom Peet, en hy kan nie vergeet hoe stip die twee kêrels by daardie tafel na die diamante in Daan se hand gekyk het nie. Oom Peet loer 'n slag na die kroegman om sy oog te vang. Dit sal die laaste een wees voordat hy gaan eet.

In sy kantoor het Daan Swiegers daarin geslaag om sy seun Hermie en sy aangenome dogter Reinette verbaas te laat opkyk.

"Maar, Vader, daardie diamante is mos duisende ponde werd!" roep Reinette vir die soveelste keer uit.

"Gewis en seker, Reinette, maar ek gaan hulle nie vir geld verkoop nie. Ek gaan hulle verruil."

Hermie kyk verbaas op. Hy hou nou die stene in sy hand en hy is skoon verslae om sulke helder stene met skerp omlynde vlakke te sien asof hulle reeds geslyp is.

"Verruil? Verruil vir wat, Vader?"

"Oorkant die rivier, Hermie, is 'n skatryk boer. Hy boer met Afrikaners en mowwe, maar hy gaan nou trek. Hy is 'n Duitser en gaan verkoop en dan gaan hy met sak en pak trek. Hierdie diamante gaan twintigduisend beeste koop."

"Twintigduisend beeste?" roep Reinette en Hermie uit. "Gaan daardie diamante twintigduisend beeste koop?" voeg Hermie daarby.

"Ja, en dan gaan ek 'n lank gekoesterde droom verwesenlik. Julle weet mos dat die arme delwers altyd vertel dat hulle weer sal boer as hulle weet waarmee. Nou goed, nou gaan ek tien delwers uitsoek en aan elkeen tweeduisend beeste skenk. Die plase lê gereed. Julle albei weet dat die eerste minister, Cecil Rhodes, uitbreiding en ontwikkeling voorstaan. Hy wil die hele Afrika nog onder die Engelse vlag bring. Julle weet dat hy talryke plase in hierdie buurt oopgestel het, en Hermie weet dat ons die wêreld al laat opmeet het tot aan die Duitse grens. Die mense moet die Kalahari mak maak. Dit is waaroor ons hier is. Die delwers moet wegkom van die idee om vinnig en maklik ryk te word. Dit is daardie houding wat die arme mense laat vermurwe en versleg, wat van





hulle op die ou end misdadigers maak. My kinders, ek voel so opgewonde oor hierdie nuwe hoop vir Soethunker dat ek uit my vel kan bars."

"Liewe wêreld, wat 'n wonderlike gedagte, maar sal die delwers bereid wees om te begin boer?"

"O, ja, ek weet van ten minste tien wat sal spring vir hierdie kans. Hulle het heel waarskynlik vir hierdie kans gebid."

Hermie oorhandig die diamante aan sy vader en hy neem die ouer man se hand en druk dit stewig. Hy kyk sy vader vas in die oë.

"Veels geluk, Pappie. Ek weet dit is waarvoor Pappie nog altyd gewerk het en ek weet dit is waarom Vader nie daardie myn by die waterval wou toeroep nie. Ek weet dat u skelm bedags daarheen gegaan het met Pa se drie naturelle, en nou het Vader dit uiteindelik gekry - die blink klippies. Veels geluk."

Daan se oë is groot van blydskap.

"Jy weet hoe ek teenoor diamante en myne en hierdie koorsige haas voel om gou ryk te word, Hermie. Daarom kan jy verseker wees dat dit nie die diamantkoors is wat my gedryf het om skelm daar te gaan delf nie, maar net hierdie een gedagte om boere van die gemeenskap te maak, om die mense so ver te kry om nie soos molle op een klein stukkie grond voort te ploeter nie, maar om die wye wêreld te bewerk en dit bewoonbaar te maak."

Reinette kom soen die groot man op die wang. Hy hou haar 'n oomblik vol blydskap in sy arms vas.

"Geheimsinnige Daan Swiegers!" spot sy. "En wanneer het Vader die diamante teengekom?"

"Ons moes 'n klip in die tonnel met dinamiet losskiet en toe ons daar 'n bietjie grawe, het ons al drie teengekom. My drie naturelle het byna die stuipe gekry. Ek vrees net hulle sal nou dag en nag wil werk. Ek het hulle elkeen twintig beeste belowe. Een het alreeds gevra of hy maar na ons plaas toe kan trek. Ek het dadelik hierheen gekom, en julle is die eerste mense wat daarvan weet. Dit is ook natuurlik beter dat niemand anders daarvan weet nie, want .... want ek vrees hulle sal almal daardie tonnel bydam en in die stormloop sal hulle nie omgee wie sterf nie."

"Dit is waar wat Pa sê, maar wat van daardie diamante? Wanneer gaan Pa die transaksie beklink?"

"Nou .... sodra die son onder is. Ek het Lewies, my een jong, te perd gestuur om König te gaan waarsku dat ek kom. Dit is maanlig